CACHET APTEEK
U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

die WAPAD
IN U LIG SIEN ONS DIE LIG
ASPU
AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.
JAARGANG XXXIV NOMMER 4 23 FEBRUARIE 1979

TOPS
Uitsig Deurloop
Tel. 21112
VIR: Rekenaars
Witjasse
Dissekteerstelle
Skoonheidsmiddels
Geskenke



*Plakkers het sedert April - Mei 1975 uit verskeie oorde op Kruispad toegesak en die getalle het veral drasties gegroei na die opruiming van Modderdam, Werkgenot en Unibel. So is 'n tydelike skerm opgerig totdat die plakkershut voltooi is. - (Foto - Die Burger)*

# PU en OKP Koördineer

**'n Paar Pote-eerstejaars draf tans op die PU klas nadat 'n ooreenkoms in 1978 tussen die Administrateur van Transvaal en die Raad van die PU vir CHO onderteken is waarvolgens die PU en OKP onderneem om gesamentlik studente op te lei.**

In die verlede was die Universiteit en die OKP volgens wet gemagtig om afsonderlik onderwysstudente op te lei. Die betrokke wet bepaal egter ook dat 'n universiteit en 'n kollege vanaf 'n datum, deur die Minister van Nasionale Opvoeding aangekondig, primêre en pre-primêre onderwysers in noue samewerking met mekaar kan oplei.

Op 3 Junie 1978 is 'n ooreenkoms tussen die Administrateur van Transvaal en die Raad van PU vir CHO onderteken waarvolgens die PU en OKP onderneem om gesamentlik, ná implementering van die beperkinge van die ooreenkoms onderwysstudente op te lei. Besonderhede oor die spesifieke aard van die ooreenkoms moet nog bepaal word en sal waarskynlik binne die volgende jaar gefinaliseer word.

Totdat hierdie sisteem in werking tree het die OKP die reg om gegradueerde (mits die grade deur die PU uitgereik word) en nie-gegradueerde onderwysers vir die primêre en pre-primêre skool op te lei.

Die PU vir CHO en die direkteur van Onderwys van Transvaal het egter ooreengekom dat die graadstudente wat primêre onderwysers wil word binne redelike perke gehou sal word en dat hulle getal nie vyftig per jaar sal oorskry nie. Vandaar die ongeveer dertig studente van die POK wat gedurende 1979 aan die PU as graadstudente geregistreer is. Hulle word suiwer as primêre onderwysers opgelei en ontvang hulle graadopleiding aan die PU vir CHO en hulle professionele opleiding aan die OKP.

Hierdie reëlings het slegs betrekking op Primêre onderwysers en opleiding van sekondêre onderwysers is nie hier ter sprake nie.

# ASBeeld verbeeld Kruispad

**Die plakkersprobleem by Kruispad word uitvoerig in die eerste uitgawe van die ASBbeeld, 'n ASB-studiestuk wat diepte-artikels bevat, bespreek.**

Die redaksie van hierdie studiestuk hoop om met hierdie stuk die ontstaan en verloop van die gebeure by Kruispad in perspektief te plaas. Hulle trek sekere riglyne voortspruitend hieruit, hoewel dit vir die ASB vasstaan dat 'n eenvoudige oplossing nie moonlik is nie.

Kruispad is op hierdie stadium die enigste noemenswaardige swart plakkerskamp in die Wes-Kaap. Die kamp is ver van die tuislande geleë en binne die voorkeur arbeidsterrein van wit- en bruinmense.

In die studiestuk word melding van die unieke aard van diè plakkersdorp gemaak. Gedurende 1977 het Kruispad die vorm van 'n permanente woonbuurt met 'n eie karakter aangeneem.

Plakkerstoestande soos dié by Kruispad word veroorsaak deur 'n toestroming na stedelike werksgebiede en die voortdurende behuisingstekort wat daarop volg.

Eksemplare van hierdie studiestuk kan by die SSR-kantoor aangevra word.



*KYK NET SO 'N GROOT KLOMP TJANKBALIES!*

# Vaalriviereerstejaars skakel in

**Die eerstejaars van Rivierpuk het hierdie jaar vir die eerste maal 'n bietjie oriëntering gesmaak.**

Op die kenmekaar is al die ou dames en here se name gou geken en met die singsongs het dit voor die wind gegaan. Selfs die ou menere se motors is 'n dag deeglik gewas en gepoleer.

Die "borrels en barbers" soos hulle genoem is, is ook deur die studenteraad van die hoof-PU toegespreek oor tradisie en die christelike grondslag van die PU.

Dit kan tereg gesê word dat hulle uitgevind het dat eerstejaar nie alles maanskyn en rose is nie. Hulle het ook dadelik by die gees van die universiteit ingeval en hulle het baie mooi saamgewerk en daardeur dit ook vir hulself makliker gemaak.

# REKTOR VERGUN BIERTUIN

**Die Rektor het vanjaar die Karnavalkomitee vergun om die biertuin twee aande tot die beskikking van die studente te stel.**

Die lid van Karnavalkomitee wat gemoeid is met die biertuin, Stefan Pretorius, moet na Karnaval 'n verslag aan die Rektor voorlê. Hy doen 'n beroep op alle studente om saam te werk en te verseker dat geen onreëlmatighede plaasvind nie. Die sukses van die biertuin en die gedrag van die Pukke sal bepaal of daar in die toekoms weer toestemming gegee sal word vir die hou van 'n biertuin.

Die biertuin sal Donderdagaand, 1 Maart, van 19h30 tot 20h30 oop wees, en die Saterdagaand van 19h00 tot 21h00. Mans, sowel as dames sal welkom wees om van die dienste gebruik te maak.

# Langbroeke by damesbaadjies toegelaat

**'n Gemakliker baadjiemode vir dames is aanvaar, deurdat dames nou langbroeke saam met PUK-baadjies mag dra.**

Op 'n SSR-vergadering, gehou op 5 Oktober 1978, is die volgende mosie ingedien en aanvaar: Dat die bestaande reël dat dames nie PUK-baadjies saam met 'n langbroek mag dra nie, afgeskaf word op grond daarvan dat hierdie reël verouderd en inkonsekwent is.

Volgens 'n meningsopname oor die aangeleentheid is onder andere gevind dat Mej. Marietjie van Wyk, primaria van Kasteel, gesê het die broeke sal nie by die baadjie pas nie.

Mej. Analeen van Wyk, primaria van Vergeet-my-nie het gesê: "Ek hou nie daarvan nie." Mej. Mariëtte van der Walt het gevra hoekom almal alles volgens 'n eenparig aanvaarde mosie moet doen. "Dames moet die vryheid hê om self te besluit." Volgens mej. Annemarie Jacobs (van SSR-faam) kan dit pragtig lyk, veral by 'n ligte langbroek.

Karien Geyer, primaria van Karlien, het gesê dat dit swak lyk by 'n langbroek. Mnr. M.E. Bisset, 'n vierdejaar student, beskryf sy gevoel met: "Onsmaakvol!"

Daar is ook studente wat ten gunste is van die nuwe drag. Mnre. G. Rossouw en A. Visser meen dis goed solank dit net netjies is. Mej. Eloise Jacobz sal die kleurbaadjie nou as gevolg van die gemakliker mode eerder koop.

# DISAFFILIASIE NOG MOONTLIK

**Elke Pukstudent kan nog binne die volgende paar dae self besluit of hy lid van die Afrikaanse Studentebond wil wees en of hy wil disaffilieer.**

Tot in Julie 1978 het elke Pukstudent outomaties by die ASB geaffilieer op grond van die Studenteraad se affiliasie. Aangesien daar baie ontevredenheid hieromtrent ontstaan het, is daar op die kongres van 1978 besluit dat studente op 'n ander wyse by die ASB moet affilieer.

Elke student wat nie vóór 28 Februarie 1979 te kenne gee dat hy hom van die ASB distansieer nie, sal dan as lid van die ASB beskou word. Dit is 'n stelsel van stilswyende affiliasie of uitdruklike disaffiliasie.

Pukke wat hulle dus van die ASB wil distansieer, kan hulle name voor 28 Februarie by die SSR-kantoor opgee.

# VERDIEN GELD MET GESELS

**Geselserige** platsakstudente kan geld verdien deur vir Die Wapad advertensies te werf! 'n Advertensiewerwer ontvang tien persent van die bedrag wat die adverteerder betaal. Kyk op bladsy vier vir meer besonderhede oor beskikbare reklame poste.

# Zij hebben gezegd

**Die volgende sake het op 'n SSR-vergadering op Donderdag, 15 Februarie ter sprake gekom:**

● Daar word op die oomblik onderhandel met Fort Hare, Durban, Universiteit van Pietermaritzburg, UCT en Wes-Duitsland in verband met uitruilstudente.

Twee Australiese studente is uitgenooi na vanjaar se Karnaval.

● Die beloofde Grommeltrommel is in aanbou en sal die studente hopelik gou die geleentheid gun om griewe, aanbevelings en inligting aan die SSR oor te dra.

● Die moontlikheid van 'n dak oor die parkeerterrein tussen Over-de-voor en Heide word ondersoek.

● Die Brosboek sal in April gereed wees, sodat Broseksamen einde April/begin Mei deur die eerstejaars afgelê sal kan word.

● Studente word daarop gewys dat die Graffiti-borde in die duikweg nie vir die opplak van plakkate bedoel is nie. Daar word aandag gegee aan die oprigting van meer kennisgewingborde op die kampus.

● Skakelingsgeleenthede is gereël met die Studenterade van Tuks (28 Februarie), Maties (9 Maart), Kovsies (10 Maart) en Wits (23 Maart).

● Die Studenteraadskonferensie sal op 10 Maart aangebied word.

● UPE het in sy studentekoerant verskoning gemaak in verband met foutiewe beriggewing oor die Pukkies. Hulle koshuisgeld is ook verhoog: R800 vir 'n enkel- en R740 vir 'n dubbelkamer.

● Die moontlikheid bestaan dat daar 'n kitaarvereniging onder die Kultuurraad tot stand sal kom.

● Daar is sprake van 'n welwillendheidskenking van R500 deur Bult Garage aan die SSR.

● 'n Volledige evaluering van die Kampusfokuskamp sal later ingedien word. Volgens die evalueringstabelle blyk dit egter 'n sukses te wees.

● Sparno het onderneem om van die paar oorblywende ou kleurbaadjies pette te laat maak.

● 'n Kommissie bestaande uit meneer Adriaan van der Walt, meneer Breed en meneer Hatting is aangestel met die opdrag om op 22 Februarie 'n beplanning in te dien in verband met 'n fondsinsameling vir 'n bydrae tot die kunsbaan van die WTAAU.

● In opdrag van die Rektor sal die SSR, klagtes in verband met danse wat deur koshuise gereël word, bloot na die betrokke huisvader verwys vir aandag.

● Meneer Piet Joubert gee daaraan aandag dat eerstejaarmans nie hulle "skiete" vir die ontheffingsdinee gaan haal het nie.

● 'n Studiestuk oor die struktuur van die Akademiese Raad sal op 1 Maart beskikbaar gestel word.

● 'n Aanbeveling deur Kultuurraad lui dat daar op Bier en Braaie toegesien moet word dat genoeg koeldrank beskikbaar is, en aandag gegee moet word aan kontrole oor drankgebruik.

● Meneer Breed is op die oomblik besig met die beplanning van 'n fiksheidsroete op die Fanie du Toit, asook met die bekendstelling van ontspanningsgimnastiek.

● Die PU sal 'n kampioenbraaivleisspan borg vir die Wynfees in Montagu. 'n Bus vir 60 persone is voorlopig vir die geleentheid gereël.

● 'n Ontspanningsgids sal so gou moontlik beskikbaar gestel word.

● Prof. Scholtz, voorsitter van die beheerraad van die Studenteadviesburo, het laat weet dat hy graag met die negatiewe, geïrriteerde agitators in die studentelewe wil kontak maak.

Die volgende voorstelle is op die vergadering aanvaar:

● Dat die SSR dit duidelik stel dat hulle dit, as deel van 'n Raadsvoorsitter se pligte beskou om Kampusfokus by te woon.

● Dat advertensies oor mout, wyn en sigarette in publikasies geplaas mag word mits dit matig en welvoeglik is.

● Dat die SSR minstens een derde van die vervoeronkoste van die PU afgevaardigdes na die Nasionale Studenteredakteurskonferensie in Stellenbosch sal finansier op voorwaarde dat die nodige inligting aan die Finansiele komitee gegee word en dat dit tot hulle bevrediging is.

● Dat die SSR van die PU vir CHO ingevolge die grondwet van die ASB by die ASB affilieer en namens die PU-student wat nie tekenne gegee het dat hulle wil disaffileer nie.

● Dat die oorkoepelende sportliga van Pat's-Harold kan voortgaan.

# STUDENTESUBSIDIE BEVRAAGTEKEN

**Die tema van 'n besprekingsaand wat deur die Akademiese Raad beplan word, is: „Is die staatsubsidie vir studente nog geregverdig onder die huidige ekonomiese toestande?**

Sprekers by hierdie geleentheid sal doktor D.S. Henderson, Vise-Kanselier van Rhodes, doktor H.S. Steyn, Direkteur van Universiteitsaangeleenthede by die Departement van Nasionale Opvoeding en professor S.J. du Plessis, Vise-Rektor van die PU, wees.

Daar sal gepoog word om die, standpunte van die studenterade en al die studente van ander universiteite te verkry om ook as bespreкingspunte te dien.

Die geleentheid sal op 15 Maart om 19h30 in die Totiussaal plaasvind. Alle studente, matrikulante en ouers in Potchefstroom is uitgenooi om die geleentheid by te woon.

# TUISLANDBELEID UITGEDIEN?

**In die onlangse Politiese Perspektief, wat handel oor 'n vergadering van swart leiers op 11 Februarie 1979, tree die vraag of die tuislandbeleid uitgedien is duidelik na vore.**

Dit blyk dat ander swart leiers 'n vriendeliker houding openbaar teen die Inkatha van Hoofman Gatsha Buthelezi.

Dit kan beteken dat die Swart leiers 'n uniale politieke sisteem vir Suid-Afrika steun. Die vergadering het ook die tuislandoplossing verwerp.

Politiese Perspektief steun hierdie standpunt.

Politiese Perspektief is 'n bate vir enige persoon wat belangstel in politiek omdat dit aandag gee aan gebeure wat op die oog af onbelangrik lyk, maar tog die rigtingwysers is vir die toekomstige politieke verwikkelinge.

# SÊRKOMPETISIE IS HIER!

**Die Sêrkompetisie beloof om een van vanjaar se Karnavalhoogtepunte te wees. Daar sal onder andere op Studentevaria opgetree word.**

Die Gemengde Sêr vind Vrydagaand, 24 Februarie, plaas. Die drie beste groepe sal Maandagaand 26 Februarie tydens Studentevaria die geleentheid kry om op te tree. By hierdie geleentheid sal die uitslag ook bekendgemaak word. Enkelsêr sal Saterdag, 24 Februarie vanaf 08h30 tot ongeveer 17h00 plaasvind.

Al die kompetisies vind in die Totiussaal plaas en 'n minimum van tien koshuisinwoners moet deelneem. Geen groep mag korter as vyf minute of langer as 15 minute optree nie. Minstens een derde van die tyd of liedjies moet in Afrikaans wees. Geen elektriese instumente word toegelaat nie. Slegs instrumente wat maklik gedra kan word, mag gebruik word. Net twee soorte instumente mag per liedjie gebruik word, maar dit maak nie saak hoeveel van 'n soort daar is nie.

Alle navrae in verband met die Sêrkompetisies kan aan Frikkie van Niekerk, ondervoorsitter van Kultuurraad, gerig word.

# POTCH INRY

**FEB. - MAART**

26 Feb. - 27 Feb. AN UNMARRIED WOMAN - MIA FARROW.

2 - 3 Maart AN UNMARRIED WOMAN - MIA FARROW
2de vertoning

28 Feb. - 3 Maart THE DRIVER - RYAN O'NEAL

5 - 8 Maart JAWS 2 - ROY SCHNEIDER

9 - 10 Maart
1ste vertoning JAWS 2 - ROY SCHNEIDER

9 - 10 Maart FIRST LOVE - SUSAN DAY
2de vertoning

# SGD NEEM LEIDING

**Die Studentegemeenskapsdiens (SGD) gaan hulle werk vanuit 'n nuwe uitgangspunt aanpak, naamlik om mense te help om hulself te help.**

In Suid-Afrika is dit 'n nuwe uitgangspunt. Voorheen is daar net in behoeftes voorsien maar daar is nie aandag gegee aan voorligting vir behoeftiges om persoonlike behoeftes te oorkom nie, wat uiteindelik sal neer kom op daadwerklike diens.

Hierdie is 'n belangrike veld vir studente om hul kennis oor te dra en leiding te gee aan behoeftiges. As eie probleme opgelos is kan hierdie mense weer andere met dieselfde probleme help.

Die SGD se grondwet is van só 'n aard dat studenteverenigings wel finansiële hulp en advies van die SGD ontvang, maar dat geen opdragte aan die verenigings gegee kan word nie. Daar is op so 'n stelsel besluit om te voorkom dat verenigingslewe tot niet gaan soos wat op ander kampusse gebeur het ná die instelling van soortgelyke projekte.

Die besuursraad sal uit sewe of agt studente, wat deur die SSR genomineer is, en ses Universiteitspersoneellede bestaan. Dit sal hoofsaaklik vier funksies verrig, naamlik finansiële bestuur; die samestelling van 'n werkskomitee wat as koördinerende liggaam sal dien om te verseker dat projekte mekaar nie oorvleuel nie; skakeling met die karnavalkomitee en ook die aanstelling van 'n direkteur wat die daaglikse administrasie sal verrig. Die direkteur sal geen stemreg op die bestuursraad hê nie, maar sal wel bestuursraadvergaderings bywoon.

'n Aksiekomitee is gestig wat tydelik die funksie van die direkteur sal oorneem totdat 'n direkteur aangestel word. Die eerste plig sal wees om behoeftes uit te stip en om met verenigings wat alreeds gemeenskapsdienste lewer, te skakel.

Alhoewel die SGD beoog om dienste aan alle gemeenskappe in en om Potchefstroom te lewer is daar 'n aanbod van finansiële hulp van SAMPI ontvang vir projekte soos die oprig van skole en gemeenskapsale en die verbetering van behuising en sportgeriewe vir die swart gemeenskappe op die plaasgebiede om Potchefstroom. Projekte en beplande projekte in Ikageng en Promosa tree duidelik op die voorgrond vanweë die groot behoeftes in hierdie gemene skappe.

Die SGD beoog om in April 'n skakeltoer deur die land te reël. Op hierdie toer sal soortgelyke projekte op ander kampusse bestudeer word en sal studente vir gemeenskapsdiens opgelei word.

# P.A.S.U. WOEKER

**Die Potchefstroomse Aptekersstudentevereniging is vanjaar verantwoordelik vir die organisasie van die 26ste Algemene Jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Aptekerstudente Federasie.**

Die Vergadering sal vanaf 7-10 Julie in Pretoria plaasvind en aan verteenwoordigers van die 9 takke van die SAASF die geleentheid gee om sake rakende hulle vakgebied en professie te bespreek. Die studente sal ook praktiese opleiding ontvang in verband met groothandel, vervaardiging en bemarking tydens 'n Simposium wat gedurende die week sal plaasvind. Daar sal ook gepoog word om die tema van die Gesondheidsjaar by die agenda te integreer en die Minister van Gesondheid sal genader word om as gasspreker by die Banketete op te tree.

Hoewel die reëlingskomitee borgskap van verskeie maatskappye ontvang, sal die studente nog verantwoordelik wees om 'n groot bedrag geld in te samel. Vir hierdie doel beplan hulle onder meer 'n lenteloop en verskeie ander aksies.

In samewerking met die SGD verrig die PASV ook nog belangrike gemeenskapsdiens. Daar word tans mense opgelei vir die behartiging van bloedoortappingsdienste. Vyf maal per week word klinieke in Promosa en Ikageng gehou waar ongeskeduleerde medisyne teen 20c per voorskrif aan swartes voorsien word. Die moontlikheid bestaan ook dat SAMPI 'n mobiele apteek gaan skenk wat die omliggende plase en plotte sal bedien.

Daar word ook beplan vir die aanbieding van die jaarlikse Gesondheidsweek waartydens medici siektes van aktuele belang sal bespreek.

# Rektor "betree salusa-jare"

**Prof. Tjaart van der Walt het sy verjaarsdag op 14 en 15 Februarie gevier. Woensdagaand het hy en mev. van der Walt die SR ontvang om sy "oujaarsaand" te vier.**

Prof. Van der Walt het al die dekane, dosente en huisvaders aan die PU genooi om hom Donderdag tussen 16h00 en 24h00 aan huis te kom gelukwens.

Hy het Die Wapad gevra om sy hartlike dank aan al die persone wat blomme en kaartjies met gelukwensinge gestuur het en aan al die sêrgroepe wat sy verjaarsdag ingelui het, oor te dra.

Prof. Tjaart, een van die jongste rektore in die land, sê hy betree nou sy Salusa-jare.

# UITBREIDING VAN DIE VAALRIVIERTAK VAN PU VIR CHO

**In sy openingstoespraak aan ouers en eerstejaarstudente op Dinsdag 30 Januarie het prof. Tom van Dyk, die hoof van die Vaalriviertak van die PU vir CHO 'n paar feite aan die lig gebring.**

Prof. van Dyk het dit beklemtoon dat die Vaalriviertak tot stand gekom het uit die behoefte vir 'n eie residensiële universiteit. Die hoop dat dit 'n sukses sou wees is nie beskaam nie. Die universiteit het so uitgebrei dat die eerste groep voltydse studente (50) in 1977 ingeskryf het. Verlede jaar ('78) het 100 eerstejaars ingeskryf en 'n hele paar studente het van ander universiteite oorgekom na die tak. Die presiese getal van hierdie jaar se studente was ten tye van ter perse gaan nog nie gefinaliseer nie. Die personeel het verlede jaar bestaan uit sewe administratiewe personeellede en 28 akademiese personeellede - 'n totaal van 35. Hierdie jaar is die akademiese personeel 45 en die administratiewe personeel 12, 'n totaal van 57.

Die universiteit het nie slegs in getalle gegroei nie, maar ook op ander gebiede. Die opdrag is klaar gegee vir die omheining van ons kampusgrond langs die Vaalrivier. Die moontlikheid bestaan ook dat sport- en ander basiese fasiliteite daar ontwikkel kan word.

Ook die diens aan die gemee…skap is uitgebrei. Daar wor… op die oomblik die moontlikheid van 'n eie adviesraad ondersoek wat leiers van die gemeenskap sal insluit.

In 1979 sal daar ook 'n voorligtingsdiens wees vir studente en skoolleerlinge in die Vaaldriehoek.

Prof. Van Dyk het ook beklemtoon dat 'n suksesvolle student ten minste 40 uur per week aan studie moet wy. Hulle moet egter ook aan ander universitêre aangeleenthede deelneem om sodoende 'n goeie gees tot stand te bring.



*Tydens die massasleep is almal na die dorp se "Sopkombuis". Hier staan almal net voor hulle vertrek.*

## KORPS VERNUWE

**Korps het op 'n splinternuwe stelsel van ledewerwing tydens 'n Korpsraadsvergadering op Donderdag, 15 Februarie, besluit.**

Die stelsel sal tydens die Korpsuitstalling van 5 tot 7 Maart geïmplimenteer word. Dit bied aan almal, wat hulle een voel met Korps, die geleentheid om betrek te word.

Deur ledegeld aan een onderliggaam te betaal kan 'n student outomaties aan alle Korpsaksies deelneem. Dit kom daarop neer dat daar net een keer ledegeld van R2,00 betaal word - R1,00 vir die betrokke onderliggaam en R1,00 vir Korpsraad.

Met die fondse sal die verskillende aksies meer professioneel aangebied kan word. Korps sal gevolglik meer aan sy doel kan beantwoord, naamlik om 'n reformatoriese Christelike wêreld- en lewensbeskouing op en buite die kampus uit te bou. Minstens een interessante uitstappie sal uitsluitlik vir Korpslede aangebied word.

Die kwessie van oorvleueling met kerkjeugverenigings is ook geopper. Volgens meneer Piet Odendaal, Voorsitter, hou die kerkjeugverenigings hulle hoofsaaklik besig met basiese geloofsleerstellinge en "kerkwerk" (byvoorbeeld Bybelstudie). Aan die ander kant werk Korps besinnend oor die breë kultuurlewe en neem hulle aan dat die lede reeds onderleg is met bogenoemde kennis. Korps en die verskillende kerkjeugverenigings staan dus aanvullend en wedersyds bevrugtend tot mekaar.

## RKK werk saam met ASB

**Die Rade Koördinerende Komitee (voorheen SKK) beoog om in samewerking met die ASB Studiekomitee twee aksies gedurende die jaar aan te bied.**

Die ASB-kongres se tema vir vanjaar is "Identiteit", en RKK beoog om vroeg in die jaar reeds 'n aksie aan te bied waarby alle rade betrokke sal wees. Dit sal dieselfde tema hê as die kongres en die doel is om 'n kampusgesprek oor Identiteit aan die gang te sit.

Die ander aksie word net voor die ASB-kongres in Julie beoog. Dit sal dien as voorbereiding vir die Kongres. Kenners sal by die geleentheid daartoe meehelp dat besluite wat op die Kongres geneem word in perspektief gesien sal kan word.

## Oom Jannie tree uit

**Mnr. C.J.H. Schutte, registrateur van finansies aan die PU, het op 9 Februarie uit die diens getree weens gesondheidsredes.**

Mnr. Schutte was registrateur sedert 1968. Hy het sy B.Comm-graad in 1943 aan die PU verwerf. Hy het daarna vir sewe jaar in Johannesburg by 'n finansiële instansie gewerk, waar hy ook rekenmeester was.

In 1950 het hy organiseerder aan die PU geword. Later was hy ook studenteadviseur (in die dae toe daar nog maar agthonderd studente was).

Oom Jannie, soos hy ook bekend staan as huisvader van Wag-'n-Bietjie, sal nog huisvader van dié koshuis wees tot Junie 1980. Hy is reeds sedert die ontstaan van die koshuis in 1973 huisvader aldaar.

## SBV BEPLAN SO VIR 1979 . . .

**Die uitsluitlike doel van die SBV (Studente Biblioteekvereniging) is om 'n samehorigheidsgevoel onder die biblioteekstudente te kweek; om die beeld van die biblioteek te verbeter, te skakel met die beroepsvereniging (SABV) en inter-universitêre skakeling te bevorder.**

Op versoek van die SBV is 'n skakeldosent deur die Departement Biblioteek- en Inligtingkunde aangewys. Mnr. Malherbe, skakeldosent vir 1979, behartig die belange van die studente op personeelvergaderings en reël ook toere na ander biblioteke.

Belowende studente sal boekpryse ontvang. Die studente in hul finale jaar ontvang geldpryse. Die studente wat tagtig persent van die vergaderings van die SBV bygewoon het, geniet voorkeur by die uitdeling van pryse.

Die SBV geniet ook die stem van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging. Die bekendstellingsfunksie van die SBV sal 'n braaivleis wees, wat in samewerking met die SABV aangebied word. Die voorsitter van die SABV, Prof. A.J. Viljoen, is hoogleraar in Biblioteek- en Inligtingkunde aan die PU vir CHO.

Daar bestaan goeie verhoudings tussen die SBV's van die PU vir CHO en die UOVS. Tydens die jaarlikse intervarsity word 'n vasvrakompetisie tussen die twee universiteite se Biblioteekkundestudente gehou. 'n Goed geoefende SBV-span sien met groot verwagting uit na die komende "Inter-Dink".

## NACH HAUSE

**Die bekendstellingsaand van die Duitse vereniging is op 14 Februarie 1979 gehou. Die eerste- en derdejaars was goed verteenwoordig, maar daar was geen tweedejaars by die vergadering teenwoordig nie.**

Edith Ahrens, 'n Suidwester, is as verteenwoordigster van die eerstejaars gekies. Volgens haar is daar nog heelwat Suidwesters wat in die Duitse Vereniging sal belangstel.

Die ledegeld van die Vereniging sal vanjaar drie rand beloop. Die "Scala" sal maandeliks uit Duitsland hierheen gestuur word en sal onder lede sirkuleer. Byeenkomste van die vereniging sal Woensdagaande van 19h30 tot 20h00 in Vergeet-my-nie plaasvind. Verskeie Duitse liedjies sal geleer word. Die Duitse Vereniging beoog ook om 'n besoek aan die Duitse gemeenskappe in Natal of op Kroondal te bring.

Deur mej. Roetz, 'n bestuurslid van die ADK en ook 'n aktiewe meehelpster aan die Duitse Vereniging van die PU vir CHO, is dit moontlik om stewige kontak met die ADK op te bou.

Die doelstelling van die Afrikaans-Duitse Kultuurunie is die versterking- en bevordering van kulturele betrekkinge tussen Suid-Afrika en Duitsland deur die wedersydse verspreiding van kennis aangaande kultuur, letterkunde, kuns en wetenskap.

Die Afrikaans-Duitse Kultuurunie in Suid-Afrika en die "Deutsch-Sudafrikanische Gesellschaft" in Duitsland beoog: persoonlike kontak op hoë vlak in Suid-Afrika en Duitsland; lesings, filmvertonings, musikale en ander aanbiedinge; Suid-Afrikaanse tentoonstellings in Duitsland; die ontvangs van Kultuurverdrag- en ander besoekers uit Duitsland; uitruilstudente; uitbreiding van penvriendskappe tussen hoërskoolleerlinge, studente en volwassenes; inburgering van immigrante; voorsiening van Suid-Afrikaanse literatuur aan biblioteke in Duitsland; en die bestryding van onjuiste berigggewing oor Suid-Afrika in oorsese koerante, tydskrifte en beeldradioprogramme.

Belangstellendes kan met Rina Papenfus in Karlien skakel.

## LIBER FACTUS BEKEND GESTEL

**Liber Factus het Woensdagaand, 14 Februarie 1979, 'n bekendstellingsaand gehou. By die geleentheid het die rektor, prof. Tjaart van der Walt, kortliks die doelstellings van die vereniging aangestip.**

Liber Factus beteken: „vrymaak van iets wat bindend is". Die doelstellings behels die skepping van die regte klimaat vir drankgebruik - die gebruik en nie misbruik daarvan nie.

Prof. Van der Walt het daarop gewys dat die misbruik van dwelmmiddels op die PU byna geen probleem verskaf nie. Verder het hy gesê dat die Pukke beslis nie meer drink as ander studente nie. Hy het gesê dat die misbruik van drank deur drie redes veroorsaak word: Studente wat onkundig oor die gebruik van drank, op die PU aankom, die gebrek aan vermaak op Potchefstroom en die feit dat drinkers as helde voorgehou word deur hulle maats.

Die vereniging beplan heelwat uitstappies. Onder andere sal hulle met verskeie alkoholiste gaan gesels en by rehabilitasiesentrums besoek aflê.

Indien u belangstel om by die vereniging aan te sluit, is u welkom om die voorsitster, Wendri Oosthuizen, by telefoon 22119 te skakel.



*Prof. Tjaart gesels met lede van Liber Factus tydens 'n bekendstellingsaksie*

# die WAPAD

## ORIËNTERING MIS SY DOEL

'n Deeglike ondersoek van Die Wapad oor oriëntering het sekere feite opgelewer wat daartoe lei dat ons tot die konklusie moet kom dat òf oriëntering in sy huidige vorm sy doel totaal mis òf dat die mense wat dit toepas, die sisteem skade aandoen.

## SIEK UITGANGSPUNTE VAN ORIËNTEERDERS

By navraag oor die doel van oriëntering hoor 'n mens dikwels dat dit is om groepsgees en liefde vir die koshuis (nie die PU nie) te bou. Dit is te betwyfel of hierdie metode van geesbou die regte is. Na my mening bou geforseerde swaarkry wel groepsgees - van liefde weet ek nie - maar dié gees is gedwonge en word baie afgewater sodra die druk verdwyn.

Baie senior-studente sê dat húlle oriëntering deurgegaan het en dat die nuwe eerstejaars dit nou ook maar kan doen. Kom, ons tref 'n vergelyking: my oupa het met osse geploeg, daarom koop ék nie 'n trekker nie, maar ploeg ek ook met osse! Die verlede is nie altyd 'n maatstaf vir wat reg en goed is nie, al dink die meeste bejaardes só.

Sommige seniors meen dat dit hul christelike plig is om die eerstejaars in te skakel. Hiermee stem Die Wapad saam. Die probleem is net dat die doel nie die middel heilig nie. Buitendien is dit moeilik om te sien hoe 'n eerstejaar ingeskakel kan word deur oefening te doen, uitmekaar geskree te word en sielkundig ontredderd te word. En as 'n eerstejaar dan nog sê dat hy eerder uitgeskakel as ingeskakel voel, begin 'n mens wonder.

## GOED EN SLEG

Hoewel daar baie goeie dinge in die huidige oriënteringsprogram ingesluit is, soos die lesings wat eerstejaars leer om te studeer, die seniorprogramaand wat hulle meer wys van die studentelewe en die voorstel van die verskillende rade en hulle bedrywighede, is daar ook 'n paar negatiewer punte.


Nòg seniors, nòg eerstejaars weet skynbaar wat die doel van oriëntering presies is. Die vraag is hoe mense wat nie weet wat hulle met hulle doen en late wil bereik nie, dít goed en planmatig kan doen, en hoe mense iets goed kan verwerk en die beste daarvan maak as hulle nie weet waarheen hulle dryf (of gedryf word) nie.

Die onkunde wat by die meeste eerstejaars geheers het oor die aard van christelike wetenskap is ontstellend. 'n Mens sou wou hê dat dít die eerste ding is waaroor eerstejaars georiënteer moet word - op 'n christelike universiteit. Hiervoor is 'n verwelkomingwoord van die rektor of SSR-voorsitter nie genoeg nie, maar kan juis die HK's en seniors 'n positiewe en roepingsvervullende deel bydra. Dít sou heelwat makliker wees as seniors (dié vir wie christelike wetenskap self 'n saak van erns is) toegang mog hê tot die kamers van eerstejaars tydens en ná die oriënteringsweek. Op 'n christelike universiteit is ons immers veronderstel om 'n christelike gemeenskap te bou - hoe dit moontlik is sonder om toegang te hê in die eerstejaar se kamer, bly vir my duister.

Dit moet egter genoem word dat daar wel koshuise was waar eerstejaars beter ingelig was oor dinge soos die doel van oriëntering en oor christelike wetenskap as in ander koshuise. Dit blyk dus dat oriëntering wel meer positief aangewend kan word. Ons kan net hoop dat al die koshuise hierdie voorbeeld weldra sal begin volg.

Die Wapad skaar hom dan ook aan die kant van dié seniors wat voel dat oriënteringstyd beter aangewend moet word om eerstejaars meer inligting en duidelikheid te kan gee oor die moeilike, maar baie belangrike tema van christelike wetenskap en oor die georganiseerde studentelewe sodat 'n eerstejaar nie eers in sy tweedejaar inskakel nie, maar sommer vroegvroeg in sy studentelewe.

Dat daar vanjaar geen klagtes van ouers tot die SSR gekom het nie, bewys dat ons in 'n positiewe rigting beweeg. Die ideaal is egter nog nie bereik nie. Mag ons steeds vinniger en vinniger daarheen beweeg!




# Instituut word meer bekend

**Baie min studente weet van die uitstekende werk wat die Instituut vir Sielkundige en Opvoedkundige Dienste en Navorsing op die kampus doen. Hulle is toegerus en gereed om veral studente met enige emosionele-, studie-, en beroepsprobleme te help.**

'n Diens wat in 1978 ontstaan het, is 'n na-uurse spreekkamer wat deur personeel van die Psigologie en Opvoedkunde Departement beman word. Daar is meningsopnames gedoen wat die besondere behoeftes van die student peil en op grond hiervan, gaan die spreekkamer dié jaar selfs meer effektief funksioneer.

Die afdeling Psigofonologie is goed bekend aan studente in Frans en Musiek. Die nuwe sentrum sluit onder andere ook 'n afdeling vir gehoorsopleiding van musiekstudente, 'n taallaboratorium en 'n lokaal vir kinderterapie in. Dit maak van die afdeling een van die bestoegeruste sentrums van sy soort in die land.

'n Leeslaboratorium wat lees met groter insig en begrip en leesspoedversnelling as doelstelling het, is in November 1978 voltooi. Van die waardevolle diens kan studente reeds dié jaar teen 'n minimum koste gebruik maak.

Vir die afdeling Spraakterapie en Remediërende Opvoedkunde is daar ook nou twee spesialiste op die gebiede aangestel.

Die hoeveelheid eerstejaars wat aansoek doen by die Instituut om toetsing, het in so 'n mate toegeneem dat die moontlikheid van 'n totale toetsing van alle eerstejaars in die vooruitsig gestel word. Gegewens sal sodoende onmiddellik beskikbaar wees indien 'n student in latere jare vir bv. beroepsvoorligting kom aansoek doen.

Om 'n goeie idee te kry van die omvangryke werk van die Instituut, kan 'n mens gerus na die volgende syfers kyk:

Aantal kliënte in 1978: 1 225
Persentasie kliënte buite Potch: 56,8%
Aantal studente in 1978: 455

Dit is merkwaardig dat die persentasie studente wat die Instituut besoek het, met 63,7% gestyg het. In die toekoms sal die getalle groter word, want die Instituut lewer eerstens diens aan die student.

## Uit die Woord

Mattheus 27:46.

"My God, my God, waarom het U my verlaat?"

Hoe kan Jesus dit vra? Hy weet alles, niks is vir Hom vreemd nie. Hy ken tog sy lydensweg van stap tot stap, en ook die doel van sy lyde. Hy het geweet dat God se toorn oor Hom gekom het, ter wille van ons sondes.

In hierdie "waarom" in Jesus se mond, sien ons hoedat sy menslike natuur na vore kom. Want as Seun van die mens ondergaan Hy die swaarste lyding denkbaar. Hy is van God verlaat. Hy hang aan 'n kruis, tussen hemel en aarde. Die Godverlatenheid sien ons ook in die drie-uur duisternis wat oor die aarde gekom het.

Hy ervaar geen Vaderliefde nie. Maar alleen toorn en helse smart. Die toorn van God oor ons sondes breek ten volle oor Hom los. Hy dra die volle straf vir ons sondes.

God verlaat Hom gestel in ons plek. Hy ondergaan die lyde as ons Borg.

Sy "waarom" vind plaas in ons plek. Omdat ons God verlaat het, het ons verdien dat God ons verlaat en Hom ewig vir ons verberg. Maar in ons plek gaan Jesus die Godverlatenheid in, en roep Hy "waarom".

Hoe dikwels vra ons nie, "waarom", nie? As ons swaarkry, as ons siek is, of by die graf van 'n dierbare. Hoe dikwels is ons nie ongeduldig teenoor God in ons "waarom" nie. Onthou, in Christus is ons "waaroms" beantwoord. Die "waarom" van ewige Godverlatenheid het Hy vir ons en in ons plek gevra.

Sy "waarom" is vir ons 'n verlossingswoord. Sy "waarom" is 'n heilige, sondelose "waarom". Hy roep dit nie uit in die begin van sy lyde nie, maar aan die einde.

Jesus Christus bly aan sy Vader vashou. Hy sê: "My God, My God." Dit is geen wanhoopskreet nie, maar 'n roep in vertroue op God alleen. As Hy hierdie woorde uitroep is die verlating verby. Dan skyn die lig weer en gaan Jesus die Paradys tegemoet.

Christus is verlaat sodat God ons nooit sal verlaat nie. Hy het die helse smart en angs, die donkerheid en Godverlatenheid, die gemis aan Vaderliefde deurgemaak, sodat daar vir ons ewig vreugde, lig en liefde sal wees.

God het sy eie Seun verlaat sodat ons ewig by Hom kan wees. As ons "waaroms" nog aanhou, moet dit ons beskaam en bedroef. Dan moet ons ons voor God verootmoedig en om vergiffenis vra. Maar ook glo dat Christus met sy heilige, verlossende "waarom" aan die kruis ons skuld bedek het.

Dan mag ons "waarom" slegs wees in verbasing en verwondering oor God se verlossing, ook vir my. Ja, in my plek het Christus uitgeroep: "My God, My God, waarom het U my verlaat."


## Redaksie 1979

HOOFREDAKTEUR: Jan Kroeze, Klooster, Tel: 3468; 22246; 22151.
ASSISTENT-REDAKTEUR: Thomas Kruger, Klooster, Tel: 3468; 22246; 22151.
NUUSREDAKTRISE: Mariëtte van der Walt, De Wetstr. 5, Tel: 5429.
INTERUNIVERSITÊRE REDAKTEUR: Vakant.
RAADSREDAKTRISE: Marlian Kritzinger, Vergeet-My-Nie, Tel: 5211; 5212.
DIEPTEARTIKELREDAKTRISE: Marianne Slot, Tomstr. 26, Tel: 23429.
DAMESBLADREDAKTRISE: Vakant.
KOSHUISREDAKTRISE: Diana Roestorf, Vergeet-My-Nie, Tel: 5211; 5212.
KUNSBLADREDAKTEUR: Andre Howard, Klooster, Tel: 3468; 22246; 22151.
SPORTREDAKTEUR: Nico van der Westhuizen, Hombre, Tel: 7996; 23915.
VAALDRIEHOEKREDAKSIE: Koos Pretorius, Tel: 43915; Algerda van Dyk, Tel; 336 4356; Leon Botha, Tel: 33 7232.
FOTOREDAKTEUR: Jaco Pretorius.
TEGNIESE REDAKTRISE: Renéé Purén, Wag-'n-Bietjie, Tel: 4277; 4278.
VERSPREIDINGSREDAKTEUR: Louis van der Linde, Klooster, Tel: 3468; 22246; 22151.
OPLEIDINGSREDAKTEUR: Henning van Aswegen, Hombré, Tel: 7996; 23915.
SEKRETARESSE: Marietjie Eloff, Kulu Huisvaderswoning, PU vir CHO, Tel: 3952.
PENNINGMEESTER: De Wet du Plessis, Tomstr. 33, Tel: 7094.
SSR-LID VIR WAPAD: Anne-Marie Jacobs, Wag-'n-Bietjie, Tel: 4277; 4278.
SPOTPRENTTEKENAAR: Mynderd Vosloo, Caput, Tel: 22371; 3375; 3376.
REKLAMEBESTUURDER: Jacques Pienaar, Klooster, Tel: 3468; 22246; 22151.

# Oriëntering in die kollig

**- 'n Oorsig deur die nuusredaksie -**

**Oriëntering** bly een van die sake wat die meeste bespreek word. Verskeie instansies loods tans ondersoeke na oriëntering. Mnr. Jan-Louis du Plooy, die SSR-lid vir oriëntering, is besig om evalueringsvraelyste op te stel.

Die Wapad het besluit om ook 'n deeglike ondersoek te loods om te bepaal of oriëntering in sy doel slaag. Die nuusredaksie het die SSR-HK-kamp bygewoon om op hoogte te kom met die oriënteringsdoelwitte van die onderskeie HK's. Tydens oriëntering is 'n ondersoek by al die koshuise geloods om te bepaal of hierdie doelwitte suksesvol bereik is.

Die redaksie sal weer later in die jaar 'n ondersoek loods om te bepaal hoe die menings van eerstejaars oor dié onderwerp verander het.

## Sukses en probleme by drake

**- Dirk van Heerden en Izak Minnaar -**

**"Ons is** in werklikheid uitgeskakel by die Puk", het verskeie eerstejaar-studente tydens onderhoude oor oriëntering aan Die Wapad gesê. Ander het weer gesê hulle het die oriëntering geniet en hulle voel nou deel van die studentegemeenskap.

Daar is onduidelikheid onder die eerstejaars oor wat die doel van oriëntering presies is. Senior-studente is redelik onbewus oor die doel van oriëntering. Weinig seniors kon dieselfde antwoord gee. "Ons doen maar wat al die ander doen", was die eerlike antwoord van sommige seniors.

By een koshuis het eerstejaars gesê die doel van oriëntering is "om 'n groepsgees en liefde vir die koshuis te kweek". Hulle sê dat dieselfde doel miskien ook op 'n ander manier as die daaglikse oefeninge en geskreeuery bereik kon word.

"Die doel van oriëntering is om ons deeglik in te lig oor koshuislewe en die akademie", was die mening van eerstejaars by 'n ander manskoshuis.

Nog 'n manskohsuis se eerstejaars het gesê die doel van oriëntering is om eerstejaars by 'n nuwe lewenswyse in te skakel: "Om opgelei te word vir die Pukiewe."

Ander eerstejaars het weer gesê die doel van oriëntering is om "regte volwassenes" van hulle te maak.

By een van die groot manskoshuise het eerstejaars gesê die doel van oriëntering is om hulle deur swaarkry te leer om die koshuis lief te kry.

By sewe van die nege koshuise het eerstejaars nie geweet presies wat christelike wetenskap is nie. Verskeie kampusleiers meen dat die tyd wat aan fisiese oefeninge en 'n geskreeuery op eerstejaars bestee word, baie beter benut kan word. Sake soos wát christelike wetenskap is, behoort voorkeur te geniet. Eerstejaars kan baie beter ingelig word oor die verenigingslewe, die tradisies en verskillende prosedures van die verenigings op die kampus, het hulle gesê.

Ten spyte van die Studenteraad en HK's se gesamentlike besluit dat "tekkie-parties" heeltemal verbied is, is daar tog by twee manskoshuise "tekkie-parties" gehou.

Mnr. Theuns Eloff, SSR-voorsitter van die PU, het gesê dat daar hierdie jaar geen klagtes van eerstejaars of ouers ontvang is oor oriëntering nie. In die verlede was daar talle klagtes.

Verskeie seniors het gesê hulle is teen die manier waarop eerstejaar-studente georiënteer word en dat 'n daadwerklike poging aangewend moet word om hierdie saak te ondersoek. Die hele oriënteringsprogram moet weer by die christelike karakter van die Universiteit aangepas word.

## Dore oor oriëntering

**- Mariëtte van der Walt en Miempie Venter -**

**In 'n** deeglike ondersoek wat die nuusredaksie van Die Wapad tydens oriëntering geloods het, is 'n aantal vrae aan al die eerstejaars van elke dameskoshuis gestel. Hierdie vrae het enersyds die kennis van eerstejaars oor aktuele kampussake, soos die betekenis van christelike wetenskap, getoets. Andersyds is die mate waarin die huiskomitee van elke koshuis hulle doelstellings tydens oriëntering bereik het, gemeet aan die wyse waarop hierdie doelstellings suksesvol aan die eerstejaars oorgedra is.

Die eerste vraag het gehandel oor die doel van oriëntering. Daar bestaan by baie dameskoshuise nog 'n totale wanbegrip oor die ware doel van oriëntering. Dit het selfs in sommige gevalle geblyk dat 'n primaria tevrede voel solank eerstejaars geen daadwerklike pogings aanwend om die koshuis te verlaat nie. Hieruit lei sy af dat die oriëntering in sy doel geslaag het.

Hoewel sekere aspekte van oriëntering soos sosiale inskakeling by sommige koshuise genoem is, het slegs die eerstejaars van Karlien, Dinki en Wag-'n-Bietjie 'n duidelike beeld van al die aspekte wat deur oriëntering gedek behoort te word, gehad. Hulle het ook gedink aan die waarde van akademiese oriëntering.

Die eerstejaars van Karlien en Heide het vae omskrywings van wat christelike wetenskap is, gegee. By Wanda en Vergeet-my-nie was daar telkens een eerstejaar wat ná 'n lang en vrugtelose bespreking 'n goeie omskrywing van die term kon bied. Die eerstejaars van Klawerhof en Wag-'n-Bietjie het ooglopend beter insig getoon, terwyl die heel eerste antwoord by Dinki 'n raak beskrywing van christelike wetenskap opgelewer het.

Die oriënteringsprogram van Oosterhof bevat eksplisiet die daarstelling van huislike en godsdienstige atmosfeerbelewing. Die huiskomiteelede het aangebied om die vertrek te verlaat toe ons 'n vraag hieroor aan die eerstejaars gestel het. Hulle is gevra om te bly, maar die eerstejaars was huiwerig om hierná te reageer. Een het dit tog gewaag om te sê dat die atmosfeer "skrikkerig" is ná die atmosfeer tuis. Sy het bygevoeg dat dit "'n fees sal wees as 'ontgroening' eers verby is".

Dinki is eers in die tweede week van oriëntering besoek. Die seniors se optrede teenoor die eerstejaars was duidelik dié van onplanmatige intimidasie. Daarom het ons gevra dat hulle die vertrek verlaat vir die duur van ons gesprek met die eerstejaars en die huiskomiteelede. Dit was opvallend watter goeie werk die huiskomitee onder die eerstejaars gedoen het. Hulle algemene houding was positief-geïnteresseerd, en hulle het op al die vrae die mees gefundeerde antwoorde sonder huiwering verstrek.

Hierteenoor het die houding van die seniors wat voortdurend teen die deur gehamer het, 'n baie slegte indruk gelaat. Toe ons die gebou verlaat het, kon die stem van een van hierdie seniors presies twee straatblokke verder steeds gehoor word. Die Wapad wil dit duidelik stel dat hierdie groep seniors uit gewone dagstudente bestaan, maar ook uit mense wat voorheen vir een of meer jare in een of ander koshuis gewoon het. Daarom kan die optrede van seniors nie deur 'n maklike veralgemening verklaar word nie.






# UIT NO. 13

**Lesers word vriendelik uitgenooi om briewe aan Die Wapad te stuur vir publikasie. Briewe mag onder skuilname geskryf word. Let egter asseblief daarop dat u volle naam en adres die brief moet vergesel - anders kan dit nie gepubliseer word nie. Ons waardeer u samewerking in dié verband - Red.**

## George kwessie

Geagte Redakteur,

As oriëntering by inskakeling by die universiteit gebly het, en dit nie om die afbreek van sekere komplekse gegaan het nie, kon dit vir almal geld. Nou moet daar egter aandag geskenk word of dit regverdig is om alle historiese eerstejaars oor dieselfde kam te skeer. As dit wel geregverdig is, moet akademiese eerstejaars van ander universiteite ook georiënteer word, omdat hulle ook ingeskakel moet word.

Soos oriëntering op die oomblik is, sou dames van die SA Leër Vroue Kollege op George eerder net die eerste week oriëntering wou meemaak. Hulle sê dat hulle slegs by die akademie ingelyf wil word. Uit HK-geledere word daar gedink aan spesiale kursusse om persone wat 'n jaar of langer uit die skool was, te help.

Die feit is dat dié dames alreeds 'n jaar naskoolse ondervinding het en reeds van hulle sogenaamde matriekkomplekse afstand gedoen het. Soos een dame dit gestel het: "Toe ek universiteit toe gekom het, wou ek dadelik begin studeer." Almal is dit eens dat hulle oriëntering nie soveel kon waardeer as persone wat direk uit die skool gekom het nie.

Miempie.

## Oop oë bepleit

Geagte Redakteur,

Na aanleiding van Kort Hendrik se brief in Die Wapad van 16 Februarie 1979, net die volgende: "Ek wil graag heelhartig met u saamstem oor die onbenulligheid van 'n pas - dit verwonder my net dat daar nie meer frustrasie en onrus in die hart van die Swartman is a.g.v. optrede soos wat u beskryf nie.

Nou moet ek u ongelukkig verder bedroef - gevalle soos dié en erger (aanranding onder voorwendsel van selfverdediging) is aan die orde van die dag. Ek is egter bewus van 'n wyd uitgebreide studie op hoë akademiese vlak wat hierdie probleem tot in sy wortels sal oopkrap en 'n mens kan maar net hoop dat die owerhede die proefskrif sal lees en daadwerklik sal optree.

Aan almal vir wie dit nog nie duidelik is of tot wie die elementêre feit nog nie deurgedring het nie, Swartes is mense soos ek en jy. Kragtens watter wet, moraliteit of christelikheid kan ons hulle dit ontsê? As hulle christene is, is hulle ons broeders en susters, en móét ons hulle lief hê. As hulle dit nie is nie, is hulle nog steeds ons naaste. Die saak verander dus nie!

Ons is christene - ons móét sover ons kan hierdie gevalle opvolg en die betrokke persoon onverskrokke betig en dan natuurlik bid dat die oë van ons mense sal oopgaan tot redding van "vreedsame naasbestaan" - as dit dan al is waarvoor daar in hierdie land gewerk moet word."

**Swartman-boetie**

## Beroep op roepingsvervulling

Geagte Redakteur,

'n Puk is 'n mens wat by sy beginsels staan en val. Net daar waar hy begin drink het, sal hy staan tot hy val ... langs die leë bottels.

Nee wag; darem nie alle Pukke nie. 'n Groot aantal sal soos dit 'n barmhartige Samaritaan betaam anderkant toe kyk en verbystap.

Dit is snaaks dat daar ten spyte van die warm weer soveel lou mense op die kampus is. Lou "Christene" in 'n warm stryd?

Dit klink na 'n lot krasse stellings, maar hoeveel Pukke was al bereid om beginselvas op te tree teen die euwels wat op die kampus hoogty vier? Ons is bang om beskou te word as verkrampte, verwaande, voor op die wa, dwepende pretbederwers en sedeprekers. Ons is skaam om ons veelgeroemde Christenskap uit te leef. In werklikheid skaam ons ons vir Christus wat bereid was om met 'n sweep onder die woekeraars in die tempel in te vlieg.

Die PU vir CHO is deur sy verlede, leuse en van onlosmaaklik verbind aan Christus. Hoe rym dit met die grootskaalse verdoeseling van die misbruik van drank, die talle wanpraktyke tydens oriëntering en karnaval, ontug en ydelike gebruik van Sy Naam? "Dis mos maar menslik om so 'n klein ou sondetjie te hê," klink deesdae soos 'n refrein in jou ore. Dit is tog opvallend hoedat hulle wat hierdie standpunt huldig, so ywerig alle ander Pukke by hulle sondetjie probeer intrek.

Enige een kan gewild wees deur 'n "lekker kêrel" te wees, deur altyd maar met alle dinge saam te gaan en deur nooit vas te skop nie. Onthou, jou roeping as Christen is nie om vir jouself te stry nie, maar vir jou Verlosser en Saligmaker wat uit liefde Sy lewe vir jou opgeoffer het. Daarom moet die stryd opofferend, meedoënloos en altyd heftig wees.

Vanjaar ...: nooit ... mag jy 'n draadsitter wees nie. Jy moet optree teen bospartytjies se drank en ontug, jy mag nie swyg as 'n senior, dronk of nugter, swetsend of sarkasties vroom sy gesagsposisie misbruik teenoor eerstejaars nie, jy is verplig om elke onbybelse euwel op die kampus met alles tot jou beskikking te beveg. Dit is pynlik vir 'n pasiënt as sy wond ontsmet word, maar dit is tot sy voordeel.

Wees 'n voorbeeld vir ander; wees navolgingswaardig en onthou dat as jy die geloof van 'n mosterdsaadjie het, jy berge kan versit.

Volg Christus altyd na en jy sal die een wees wat leiding gee en geleenthede kry om vir ander 'n voorbeeld te wees.

Wees Christene IN U LIG, en weet dat jou heerlikste taak is om Christus met ware liefde getrou te volg.

Vervul jou roeping op die PU vir CHO.

Skoenmaker.

# POSTE VAKANT

Die volgende poste op Die Wapad is vakant en daar kan skriftelik aansoek gedoen word. Die aansoeke moet in Bussie 13 by die SSR-kantoor gepos word.

Die sluitingsdatum is 28 Februarie 1979.

NUUSREDAKSIE: drie poste vir verslaggewers.
INTERUNIVERSITÊRE REDAKSIE: redakteur, assistent-redakteur.
DAMESBLADREDAKSIE: Redaktrise, een verslaggeefster.
KOSHUISREDAKSIE: assistent-redakteur vir manskoshuise.
FOTOREDAKSIE: drie poste vir fotograwe.
REKLAME EN ADVERTENSIEREDAKSIE: een tikster, vier advertensiewerwers.
RAADSREDAKSIE: ses poste vir verslaggewers.

# Sport




## KARNAVALPROGRAM

23 Februarie:
(1) Puk-Mielielandfietstoer.
(2) Standaardfietstoer.
(3) Gemengde Sêrkompetisie - Totiussaal.

24 Februarie:
(1) Puk-Mielielandfietstoer.
(2) Standaardfietstoer.
(3) Motorfietswedren - op pad na Ventersdorp, net na Weermag Hoofkwartier aan die linkerkant van die pad
(4) Enkelsêrkompetisie - Totiussaal

26 Februarie:
(1) 21h00 Sêrfinaal - Totiussaal
(2) 22h00 Studentevaria.

28 Februarie:
(1) 16h30 Kaap-na-Rio (Tema: Uit Ouma se Dagboek)
(2) 18h30 Skopfietswedren.
(3) Blikkies vir kollekteer tydens vlotoptog word uitgedeel.

1 Maart: 18h00 Openingsaand
- Kort program, openingsspreker - Amfiteater
- Prysuitdeling (Kapitaalskatjies)
- Cowboydorp, stalletjies - Ou Puk velde
- Biertuin
- Pretpark

Laaste dag vir reklamesette.
Dames Koshuise sluit 23h30.

2 Maart: Heeldag stalletjies.
(1) Mooirivierspele -
(a) Touklim
(b) Binnebandvaart
(c) Kussinggevegte
(d) Wissellope
(e) Toutrek
(f) Drastoelwedren
(g) Donkie-July
(h) Karstoot
(2) Sewemanrugby
(3) Damessokker
(4) Dubbelpaaltjiekrieket
(5) Tenniskampioenskappe
(6) Pretpark
(7) VLOTBOU
(8) Fliek in Totiussaal 23h00 DAMESKOSHUISE SLUIT 01h00

**Laaste dag vir:**
(1) Inhandiging van Pukkies en geld.
(2) Inhandiging van alle bewyse van reklamesette vir punteberekening.
(3) T-hempies en geld inhandig.

## KORT SPORT

**SWEMGALA**

Woensdag, 7 Maart, word daar 'n swemgala gehou wat deel sal uitmaak van die koshuisliga. Die Sportinstituut doen 'n beroep op alle koshuise in dié verband.

**ATLETIEK**

Nanda Barnard het verlede Woensdag haar beste hoogte van 1,71m dié seisoen in die hoogspring bereik. Die Menloparkse grasbaan was boonop nat en gevolglik baie swaar. So ook het Piet Goosen, (wat die afgelope vakansie getroud is,) 'n baie verdienstelike afstand van 55,85m met die diskus behaal. Gedurende die Sustagen-byeenkoms wat verlede Saterdag op RAU gehou is, het Leonie Smit derde geëindig in die 400m hekkies vir vroue met 'n skitterende 60,1 sekondes. Christo Botha het in dieselfde item vir mans ook 'n derde plek behaal.

**FINALE RUGBYPROEWE**

Volgende Maandag en Woensdag word die finale senior rugbyproewe gehou. Daar word nog na nuwe spelers gesoek. Eerskomende Saterdag is die finale proewe vir alle o/20-spelers.

**RUGBYFONDS**

Die PU het 'n belowende rugbybelegging in Vic de Klerk, broer van die Springbok, Kevin de Klerk, albei van Transvaal. Daar is ook sprake dat James Young by die PU gaan inskryf.

## Sportkorrels

**In 1977** ontvang hy 'n sportbeurs van die PU. Nadat hy reeds in die daaropvolgende jaar aan hierdie Universiteit ingeskryf het, lê 'n ander universiteit hom 'n omvangryker beurs voor die hand. Hy aanvaar dit. Dáár ondervind hy akademiese probleme en wend hom vanjaar tot 'n ander onderwysinstansie. Sy vorige "tuiste" lê hom hierdie keer 'n andersoortige toegewing voor die hand. Hy aanvaar dit.

Hierdie is die tragiese verhaal van geldmag, wat lank reeds aan't sportmonopolie koop is. Die verhaal hierbo is geen boetsering van die werklikheid nie. Hierdie soort euwels is besig om toe te neem en die hele samelewing, op alle vlakke te rysmier. Op professionele gebied gesien, is bogemelde geval nie meer 'n nuutjie nie, maar dit is 'n euwel wat nou selfs al deurkanker tot by skole. Die volle konsekwensies word òf buite rekening gelaat òf misreken. Deur dié soort brilglas verdwyn alle ander moontlike gevolge in die newel van roem en eer. Is dit dan nie 'n siek beleid nie?

- asst. sportredaktrise

# Valskermklub spring 'Af'

**Die PU Valskermklub het Saterdag sy eerste byeenkoms gehad by die P.C. Pelser Lughawe by Klerksdorp. 'n Stuk of twintig mans en dames het opgedaag om hulle eerste valskermsprong uit te voer.**

Verlede Woensdag tydens 'n klubvergadering het die lede die eerste keer die basiese aksies geleer wat toegepas moet word voor die vliegtuig opstyg, nadat die vliegtuig verlaat is en op 2500



*Eugene Naudé nader die grond vinnig tydens sy eerste sprong verlede Saterdag by die P.C. Pelser-lughawe.*

voet en wanneer daar geland word. Voornemende springers word ook goed vertroud gemaak met die prosedure wanneer daar 'n weiering of ander storing plaasvind, maar soiets het nog nooit in die klub gebeur wanneer daar met 'n statiese lyn gespring word nie. Die uiteindelike doel van die valskermspringer is om vryval te bemeester.

Dit word die eerste keer gedoen wanneer die springer reeds tien statiese lynspronge agter die rug het. Volgens die voorsitter van die klub, André Erasmus, is daar geen groter gevaar verbonde aan valskermspring as enige ander sportsoort nie. Statiese lyn beteken dat die valskerm aan die vliegtuig gehak is en wanneer daar gespring word, gaan dit outomaties oop. Die ergste wat kan gebeur is dat die springer 'n enkel beseer met die landing en dit gebeur slegs as hy nie land soos hy geleer is nie.

Die Valskermklub het twee baie professionele afrigters, mnre. Cedric van der Vyver (wat verlede jaar so netjies met die Besembos gearriveer het) en Schalk van der Merwe. Niemand word toegelaat om in die vliegtuig te klim alvorens die instrukteur nie self seker gemaak het dat elkeen se uitrusting volledig en reg is nie.

Saterdag is ook geskiedenis gemaak toe 'n persoon wat feitlik blind is daarop aangedring het om ook te spring. Gideon Boshoff het omtrent 10 persent sig en kan niks vanuit die lug onderskei nie. Hy moes maar staatmaak op die instruksies van die instrukteur, Schalk van der Merwe, wat saam met hom gespring het. Gideon se kommentaar is dat dit absoluut fantasties is en hy sien uit na sy tweede sprong.

Die klub soek nog lede - mans en dames - en al vereiste wat gestel word is 'n mediese sertifikaat en toestemming vir minderjariges. 'n Aanvanklike bedrag van R25 word betaal waarvoor die lid dan die klub se toerusting kan gebruik, sy eerste sprong uitvoer asook 'n sertifikaat kry as bewys van sy eerste sprong. Daarna is die koste R6 per sprong - en dit sluit 'n vliegtuigrit van ongeveer 10 minute in!

Belangstellendes moet net die hoofkennisgewingbord dophou onder "Valskerm". Daar verskyn elke Donderdag 'n plakkaat me besonderhede. Name kan ook in bussies gegooi word. Die klub kom elke Saterdag voor die hoofhek byeen waarvandaan vervoer gereë word na Klerksdorp.



*Attie van der Walt moes na sy eerste sprong 'n hele ent terugstap, maar was nogtans baie tevrede.*

## RUGBY HET PLANNE

Een van die planne is om die MATIES te verras wanneer hulle later vanjaar teen die PUKKE te staan kom in die eerste rondte van TOYOTA se nasionale klubtoernooi. Die PU is van vanjaar af baie bevoorreg om die dienste van die gewese Springbokskrumskakel, Dirk de Vos, te hê. Die eerste span sal gedurende dié seisoen deur James Stoffberg en Dirk de Vos afgerig word.

Die PU het vanjaar 'n klompie belowende spelers bygekry en beskik ook nog oor talentvolle spelers. Daar is Schalk van der Merwe, Braam Coetzee, Hannie Heyns, André Oelofsen, Dries Olivier en C. Troskie. Op 24 Maart is die Intervarsity teen WITS te Johannesburg. Die IBBIES sal deur prof. Willem Scott afgerig word.

Daar sal ook vanjaar 'n o/19-span gekies word wat deur Koos Hugo afgerig sal word.


## Wapadjies

**Bel Jacques by 3468 (Klooster) en laat 'n boodskap.**

**HOU S.A. SKOON:**
Die Bult-Droogskoonmakery en wassery, Uitsigarkade, reken vinnig en flink af met ghries-merke, vetkolle en ander vorms van besoedeling. Kledingstukke binne slegs 80 minute droogskoongemaak. Wasgoed binne 'n halfdag gewas en gestryk.
Ure: Maandag tot Vrydag - 7vm. tot 5.30nm. Saterdag - 8vm. tot 1nm.

**KIES & KEUR:**
Lyk jou kamer soos Vaalwater? Kry 'n poster by Kies & Keur! Val jou knope af, nate trek los? Naaldwerkbenodigdhede galore by Kies & Keur! Behalwe materiaal, hoede, kunsblomme en mandjies, het ons nog stapels en stapels ander goed. Vat 'n dag af en kom snuffel rond by:-
Kies & Keur, Tomstraat 98.

**MOOI BLY?:**
Kom kyk na ons groot verskeidenheid parfuum, verslankingsmidde proteïnvoedsel en skoonheidsmiddels vir 'n jaar van skoonheid voorlê. Die Bult Apteek, Tomstraat 88B & C, Potchefstroom. Tel. 59

**BLY RY EN RY BLY:**
Nigrini Batterye is die naam as jy jou kar wegspringgereed wil ho sonder sweet, sonder bloeddruk en teen 40% korting, spesiaal vir PU studente lag jy heelpad bank toe op sakgelddag. Storm sommer na Lombardstraat 27 vir jou battery. Tel. 7805.

**STAAK DIE GESUKKEL:**
Staak die gekekkel. Sê dit liewer met blomme. Blomme betuig lief inspireer, troos, sê dankie. Al wat jy moet doen is om jou gesig by geleentheid te laat pas. HUIS EN TUIN het die blomme, kom soek sêgoed by ons. Tomstraat, Potch.

**HAAI EK SÊI:**
Moenie oor my kraai nie, Aia Tola, hou maar jou olie, want ek kan splinternuwe fiets by HUIS EN TUIN koop teen 10% korting, sit dit der jou tulband om uit te broei. Tomstraat, Die Bult.

**EK ADVERTEER KLEIN:**
My profyt is klein - natuurlik tot u voordeel! Nuwe fietse, gebruiktes, onderdele en herstelwerk. Moenie baie sukkel nie - laat wiel na: PARK FIETSWINKEL. (F.F. Tranter). TEL. 4731, Van Riebeeckstraat 81.

**VERLIEF:**
Goeie nuus vir al ons aspirant-huisvroutjies. Alle Elna pryse drasties verminder. Kom kyk na die verrassing by Elwinna, Santam Deurloop, Tel. 5412.

**HOOR EN SIEN VERGAAN?:**
Radio- en TV-dienste het 'n wye reeks batterye vir rekenaars, horlosies, radio's of wat ook al.
Ons kitsrekenaars en Aiwa stereo audioversterkers vir motorradio's is ons trots - die beste in Potch, Lombardstraat 42.

**TE KOOP:**
Ampernuut, blinkblou C.B. 750 Four Honda met 'n egte km-afstand van 1 200 km en het nog sy oorspronklike 4-in-1 uitlaatpyp wat die Japs aangesit het.
Hierdie zef ottie is te koop by FRANK'S MOTO X vir net R1 800.
Diens en onderdele gewaarborg, Lombardstraat 13, Potch, Tel. 5723.

**TIKWERK:**
Enige normale privaat-tikwerk word deur Ansie Smith teen 50c per folio gedoen. Tikwerk kan in enige taal met Romeinse alfabet wees, maar moet nie breë tabelle insluit nie. Eie papier moet verskaf word. Wasvelle sal vir dieselfde prys getik word as die wasvelle self voorsien word. Goeie werk word verseker. Kontak Ansie Smith voor die einde van die maand of skakel mev. Van Biljon en laat 'n boodskap - beide by die Ferdinand Postma-biblioteek (Tel. 4239).